# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**05 MEI 2019**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Josua 3; Kol 3: 5 - 17

**Tema** Volg die Here die onbekende in



Psalm 115: 1,2
Psalm 146: 2, 8
Psalm 107: 10
Psalm 130: 1, 4
Lied 255: 1, 2
Lied 188: 1, 3

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : 18H00

Woensdag gebeur daar weer 'n stemdag. Vir ons is die toekoms na daardie dag onbekend. Moet ons terugdeins? Nee. Die Here roep ons om Hom steeds te volg. Hy ken reeds die pad. Niks is vir die Here onmoontlik nie. Nie eers 'n Jordaan wat sy walle oorstroom nie. Die volk sien 3 dae lank hoedat die vloed afkom. God dam die vloed op en Sy volk stap daardeur. Vertrou die Here. Hy maak 'n pad die toekoms in. Ons kan Hom vertrou. Hy het in Christus die ewigheid vir ons gereed gemaak.

**AANDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Rom 8: 26 - 30; Kol 3: 5 - 15

**Tema** God se pad van verlossing - Die Heilsorde

Psalm 145: 1, 2
Psalm 8: 4, 5
Psalm 18: 11, 12
Psalm 18: 14, 19

Letterlik: die pad van heil. Dit is die heilsorde. Die pad van die Here met elke gelowige. God kies self, Hy roep. Hy skenk geloof. Hy bekeer. God heilig. Van begin tot einde is ons lewe in die hand van die Here. Ware bekering is die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Daarom - al struikel ons, ons volhard nie in die sonde nie. Regverdig is 'n handelsterm wat beteken - om sonder enige skuld te wees. Die Here regverdig sondaars en goddeloses.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **05 Mei** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Emeritaatsversorging |
| **05 Mei** | **19h00** | Mediakommissievergadering | |
| **09  Mei** | **18h00** | Bybelstudiekommissievergadering. | |

## KATKISASIE



Daar is katkisasie direk na die erediens.  Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening.  Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lesse.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 05 MEI 2019

**Diensbeurt:** Wyk  P3 **Katkisasie:** Voorskool

**Ouderling:** Albie Olivier **Diaken:** -

## OOG VIR MEKAAR

- Ons innige simpatie met oom Buks Korff, wie se vrou Annetjie, afgelope Woensdag oorlede is. Ons bede is dat die Heilige Gees die trooswerk in die hartseer tyd sal doen.
- Cecelia Greyling steeds op die pad na herstel.
- Daleen Korff wat gereed maak vir die volgende operasie. Sterkte vir jou en Hendri.
- Santjie Bester is terug uit die hospitaal. Ons bid vir Johan wat die tuisverpleegster is.
- Hester vd Merwe se wond is beter en die infeksie is minder.
- Lida Borman wat weer 13 Mei vir chemo gaan.
- Marie Austin was nog in die hospitaal na haar operasie.
- Hennie Oelofse wat nog behandel word.

- Baie dankbaar saam met Gerhard Maritz dat die kanker gestuit is. Daar moet nog 'n veloorplanting gebeur.
- Johnie O'Reilly bly swak. Ons bid vir hom en Lynn.
- Ons bid vir almal wat donker en moeilike tye beleef. Mag ons God julle deur Sy Helige Gees lei en julle die krag gee om staande te bly en uiteindelik die lig in Christus te omhels.

## SILWERDOPPERS

Maandelikse byeenkoms 08 Mei skuif na 15 Mei. Ons gaan na Dina O'Reilly se plaas toe.

## BEDIENING AAN VRAGMOTORBESTUURDERS

Die evangelisasiekommissie is besig om maniere van bediening aan vragmotorbestuurders, vir wie Polokwane 'n deurgang en stopplek is, te ondersoek. Ons is opgewonde oor die geleenthede wat die Here reeds besig is om te skep om die evangelie aan hierdie mense te bedien. Bid asseblief saam met ons en hou die Basuin dop vir verdere nuus!

Vir navrae of voorstelle kontak Andre Bakker (083 457 1711) of Esmari Potgieter (083 446 5511).

## TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **05 Mei** | Sonja Fourie | D2 | **12 Mei** | Melissa Oosthuizen | D4 |
| | Candace vd Walt | D2 | | Magda Thiart | D3 |
| | Welma Venter | D2 | | Sheryl vd Merwe | D3 |
| | Elzia Boshoff | D3 | | Melanie Weidemann | D5 |
| | Natania Carstens | D3 | | Su-Marie Stander | D3 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## OUDIODAGSTUKKE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

## GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN PIETERSBURG.[15]

Tydens die ampsbediening van ds P.J. de Klerk [1930 -1941] het hy ook ywerig gewerk in die uitbreiding van die Pietersburg gemeente se wyke. Reeds voor sy koms is die wyk Brakrivier in 1922 gestig vir die Alldays omgewing en 'n ouderling is vir die wyk verkies by name Daan du Plessis.

Na die afstigting van die Louis Trichardt gemeente in 1927 het die Brakrivier wyk onder die Louis Trichardt gemeente geressorteer wat toe nog in kombinasie met die Pietersburg gemeente was. Kort hierna kry die Brakrivier wyk op Alldays ses morge grond vir die bou van 'n kerkgebou. Die lidmate in die wyk onderneem self die bouwerk aan die kerk en in 1932 word die kerkgebou voltooi teen 'n koste van 268 pond sonder dat daar enige skuld op die gebou was. Die kerkgebou kon 200 lidmate huisves en daar is vier keer per jaar nagmaal in die kerkgebou bedien.

Op 'n kerkraadsvergadering van Louis Trichardt op 2 April 1943 word daar gepraat oor moontlike afstigting en op 7 Julie 1945 word daar afgestig en kom die Gereformeerde Kerk Magalakwin tot stand met vier wyke en 79 belydende lidmate. Die gemeente was steeds in kombinasie met Louis Trichardt. Hierna dien verskeie predikante in die Louis Trichardt en Magalakwin gemeentes. In 1949 is die kerkgebou van Magalakwin herstel en 'n kamer langs die konsistorie aangebou waar die predikant kon slaap tydens sy besoek aan die gemeente.

In die notule van die kerkraadsvergadering staan die kamer bekend as die “Profete Kamer”

Hierna vertrek ds. van der Walt as leraar van Louis Trichardt en in Maart 1956 word prop. P.J. Pelser predikant van Louis Trichardt en Magalakwin. Hy word op 10 Maart 1956 in die kerkgbou van Magalakwin verwelkom. Hy het die sakramente vier keer per jaar in die gemeente bedien en het ook agt Sondae per jaar eredienste in die gemeente gehou.

Die lidmatetal in die gemeente Magalakwin het egter nie gegroei nie en in 1958 se notule was daar net 64 belydende lidmate in die gemeente. Die gemeente is egter getrou deur die ouderlinge en diakens besoek maar die ontvolking van die platteland het stelselmatig ‘n rol begin speel in die vermindering van die lidmate.

Verskeie predikante het oor jare heen woordverkondiging in die gemeente gedoen en later het Magalakwin in kombinasie gegaan met die Dendron gemeente. Vandag is die gemeente Magalakwin steeds in kombinasie met Dendron en het hulle ds. Retief Gouws as predikant van die twee gemeentes. Eredienste word elke Sondag by beide gemeentes gehou.

Dit was vir my voorwaar ‘n aangename taak om die ou notules van die Gereformeerde kerk Pietersburg te lees en die geskiedenis van die afgelope 130 jaar vir u weekliks in die Basuin opsommend te probeer weergee. Uit die stigting van die Gereformeerde Kerk Pietersburg in 1889 het daar uiteindelik oor ‘n tydperk van 130 jaar 6 nuwe gemeentes ontstaan

Mag die Here ook in die jare wat kom al die gemeentes seën wat Hy tot stand gebring het. Laat ons as lidmate saam met ds Sarel Venter arbei in ons gemeente tot eer van die Here ons Verlosser en Saligmaker. Aan die Here kom toe al die lof, eer en dank tot in alle ewigheid.

Dewald Hattingh.

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So. - 05 Mei. | Hendri Korff<br>Karen Krüger<br>Linamari Slabbert | B<br>B<br>B | 083 602 0064<br>072 709 0747<br>082 684 5145 |
| Ma. - 06 Mei. | Jan-Albert Coetzee<br>Dawn Hattingh *<br>Johan Snyman | B<br>B<br>B | 078 451 8425<br>081 320 2235<br>082 935 8954 |
| Di. - 07 Mei. | Larizane Meintjies | D | 079 250 2338 |
| Wo. - 08 Mei. | Marie Seegers * | B | 082 460 8264 |
| Do. - 09 Mei. | Annemarie Bakker | B | 082 484 6267 |
| Vr. - 10 Mei. | Dina O'Reilly *<br>Francois Pretorius | B<br>B | 082 554 2277<br>074 145 8923 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 09 Mei. 1981 | Brenda & Theuns Koekemoer | 38 | 082 696 9227<br>082 083 1058 |

# BEROEPENUUS

- BEROEPE AANVAAR

  Proponent HJ Coetzee (Herman) na Amanzimtoti
- BEROEPE BEDANK

  Ds GC Coetzee (Gideon) van Standerton na Delmas

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.*

*Kolossense 3:11*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS